**SAFLII Note:** This case was originally published by Juta and Company (Pty) Ltd. Juta retains copyright as far as it subsists.

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **THIRION** | **APPELLANT** |
| **V** | |
| **DIE MEESTER EN ANDERE** | **RESPONDENT** |

Parallel citation: 2001 (4) SA 1078 (T)

Coram: van der Westhuizen R

Heard: March 19, 2001
Judgment: March 19, 2001

---

**UITSPRAAK**

---

Case Information
Aansoek om dokument wat nie aan die vormvereistes soos in art 2(1) van die Wet op Testamente 7 van 1953 uiteengesit voldoen nie, as testament van die oorledene te aanvaar. Die feite blyk uit die uitspraak.
M A L Frantzen namens die applikant.
H Gerber namens die derde respondent.

Judgment
Van der Westhuizen R:

1. Inleiding

Filosowe sê vir ons dat die reg onder meer 'n produk is van die menslike gees en van kultuur. Dit is verweef met 'n gemeenskap se

2001 (4) SA p1083

VAN DER WESTHUIZEN R

godsdienstige, ideologiese en morele oortuigings en sosiale gebruike. Dit word beïnvloed nie slegs deur ons siening van lewe en dood nie, maar ook deur ons materiële behoeftes. Die reg is veronderstel om ons persepsie van geregtigheid en billikheid te vergestalt.

Tog kom innerlike spanning dikwels voor tussen sommige van die oortuigings en behoeftes waardeur ons beheer word. Hierdie spanning word soms vergestalt in 'n oordeel wat regtens korrek mag wees, maar wat as onregverdig of onbillik ervaar word, of andersom.

'n Gebied waar spanning so dikwels voorkom, dat dit die verhaalkuns stimuleer en tot populêre spreekwoorde aanleiding gee is die erfreg. Aan die een kant het sekere reëls uitgekristaliseer oor wat objektief moreel en logies korrek is. Derhalwe bepaal die intestate erfreg 'n sekere rangorde van persone aan wie 'n oorledene se boedel nagelaat word, soos die oorlewende eggenoot, kinders, ouers, broers en susters en so meer. Tog respekteer ons die wense van 'n persoon wat nie meer met ons is nie soveel, dat die reg 'n mens in beginsel toelaat om al jou eiendom te bemaak aan jou spreekwoordelike gunsteling kroegman, of die dierebeskermingsvereniging, selfs ten koste van jou eggenoot en kinders, mits ons maar seker is dat dit wel die bedoeling van die erflater is. Die reg eer die begeerte van 'n dooie, selfs tot die punt waar dit haat en nyd onder oorlewende naasbestaandes veroorsaak, of so onbillik voorkom dat dit ten hemele skree. Slegs waar bewys kan word dat 'n testatêre aanwysing deur 'n gestorwe persoon die gevolg is van dwang of onbehoorlike beïnvloeding word dit nie deur die reg erken nie. Die oënskynlike onbillikheid of immoraliteit van 'n persoon wat sy lewenslange getroue eggenoot behoeftig agterlaat ten einde sy gunsteling prostituut luuks te laat lewe, weeg nie op teen die reg se respek vir die wens van die dooie nie. Die rede hiervoor mag godsdienstig of andersins geestelik gegronde agting wees vir die dood, of dalk vir die hiernamaals, of dit mag 'n kapitalisties gedrewe respek vir eiendomsreg wees: Wat aan jou behoort, mag in beginsel slegs jy oor beskik, volgens jou goeddunke, ongeag die wyse waarop jy

moontlik daaraan gekom het en wie dit die meeste verdien. Hierdie respek vir eiendomsreg, hoor ons dikwels, kom al van die Romeine af.
Die aansoek voor my behels 'n stryd rondom 'n oorledene se twee beweerde testamente, tussen sy moeder, wat hom oor baie jare beskerm en gekoester het, en sy geliefde vriendin of meisie of 'mistress' van die laaste paar jaar van sy lewe, welke vriendien deur sy familie en vriende as 'n immorele en skaamtelose uitbuiter beskou word.
Die applikant versoek die Hof om 'n bevel te maak dat die Meester van die Hooggeregshof 'n dokument gedateer 27 November 1996 (aanhangsel C tot die aansoek) vir die doeleindes van die Wet op Testamente 7 van 1953, as die geldige testament van die oorledene moet aanvaar, en om te verklaar dat die gemelde dokument 'n testament wat deur die oorledene onderteken is op 4 Februarie 1988, herroep het. In 'n derde bede vra die applikant 'n bevel dat 'die applikant die koste van die aansoek self dra, meer geregtig sal wees op koste wat deur ongeregverdigde opposisie veroorsaak word'.
2001 (4) SA p1084
VAN DER WESTHUIZEN R
Die applikant is die oorledene se vriendin en die derde respondent wat die aansoek teenstaan is sy moeder.

2. Feite en geskille

Willem Petrus Jacobs, wat in hierdie uitspraak die oorledene genoem word, was glo sedert sy skooldae te Kathu naby Kuruman nooit juis 'n toonbeeld van fisiese perfeksie en 'n voorwerp van sosiale bewondering nie. Hy was oorgewig, volgens sy moeder. Tot met sy dood het hy eintlik net twee goeie vriende gehad, naamlik die twee Van Wyk broers - die een nou 'n polisiesersant en die ander 'n konstabel. Die enigste meisie wat hy ooit gehad het, Amanda van Wyk, het hom na 'n verhouding van twee jaar afgesê terwyl hy met sy militêre diensplig besig was.
Dit was vir hom traumaties en hy het glo menigmaal gesê dat hy klaar is met vrouens omdat hulle so onvoorspelbaar is en dat hy nooit sou trou nie. Op 4 Februarie 1988 het hy dan ook in 'n behoorlik verlyde en ondertekende testament sy ouers as sy enigste erfgename benoem. Uit hierdie dokument (aanhangsel F tot die stukke) blyk dit dat hy, ten spyte van sy ontnugtering oor vroue, nie alle hoop op die verskyning van 'n liefdevolle lewensmaat laat vaar het nie, want die dokument

bepaal ook dat indien hy by sy afsterwe getroud is, die bemaking aan sy ouers sou verval en sy eggenote dan sy enigste en algehele erfgenaam sou wees.

Dit wil voorkom asof die oorledene na sosiale aanvaarding gesmag het. Volgens sy moeder was hy maklik manipuleerbaar, het hy al sy geld op ander mense bestee en het hy maklik skuld gemaak om ander rondom hom gelukkig te hou. Ten spyte van die feit dat hy by Yskor te Kathu 'n salaris verdien het, het hy by sy moeder geld geleen en sakgeld ontvang. Hy was veral gedurig gereed om ander te onthaal en het dikwels vleis en drank vir die hele partytjie voorsien. Sy suster, wat agt jaar ouer as hy is, asook die Van Wyk broers, bevestig dit.

Toe ontmoet hy vir Sophia Magrietha Magdalena Thirion in 'n dansplek in Kuruman in 1994 en raak reddeloos verlief op haar. 'n Vurige romantiese verhouding het ontstaan. Die twee verliefdes het mekaar veral gereeld geselskap gehou in die videowinkel te Kathu, wat deur haar bedryf is.

Maar sy was getroud. Ook het sy twee skoolgaande kinders by haar eggenoot gehad, asook nog 'n ouer dogter, Eileen, uit 'n vorige huwelik, wat 'n keer of wat deur een van die twee Van Wyk broers uitgeneem is. Sy was heelwat ouer as die oorledene en moontlik meer ervare as hy in die sake van beide die hart en die vlees. Volgens haar was haar huwelik toe lank reeds ongelukkig en spoedig het sy en die jong man nie net gepraat oor skei en trou nie, maar het sy inderdaad 'n prokureur opdrag gegee om die wiele van die egskeidingsreg aan die rol te sit.

Sy was egter bekommerd. Op daardie stadium was sy, volgens haar, net mooi finansieel onafhanklik, veral weens die inkomste uit die videowinkel, en kon sy ook nog op haar man se finansiële steun staatmaak. Die oorledene het niks gehad nie, nie eens 'n motorvoertuig nie. Sy was besorg oor haar en haar kinders se finansiële toekoms. Volgens haar het die liefde egter geseëvier. Hy was baie lief vir haar en haar kinders en die kinders ook vir hom. Ten spyte van die armoede wat haar in die gesig gestaar het, het die vooruitsig op 'n gelukkige en



liefdevolle toekoms haar oorreed om haar rug te keer op haar ongelukkige huwelik en die finansiële sekuriteit wat daarmee gepaard gegaan het.

Sy het besluit om te skei, en selfs gevorder tot waar die boedel verdeel en 'n skikking opgestel en onderteken is. Hy het 'n oorplasing na Pretoria gevra om meer geld te verdien en omdat die mense van Kathu oor hulle sou skinder. Dít sou nie goed wees

vir die kinders nie. In September 1996 het hy toe na Pretoria verhuis. Sy en Eileen het hom in November gevolg en by hom ingetrek te Kraaistraat 215, Kwaggasrand. Sy is vandag egter steeds getroud.

Soos te verwagte, is die oorledene se moeder se siening van die groot liefde taamlik anders. Sy het teen die einde van 1994 van die verhouding uitgevind, omdat sy 'n rekening moes vereffen vir blomme wat hy aan sy meisie gestuur het. Sy het haar seun gewaarsku dat hy met vuur speel. Tog het hy nog goed klaargekom met sy ouers; trouens, so goed dat dit ondenkbaar is dat hy hulle ooit sou onterf terwyl hy by sy volle positiewe is. Die moeder se houding is dat haar onervare seun oorweldig was deur die aandag wat die gevaarlike ouer vrou aan hom gegee het. Hy het haar op die hande gedra en sou enige iets vir haar doen. Sy het hom na willekeur gemanipuleer. Sy was 'n uitbuiter wat hom soos 'n warm patat sou los, nadat sy al die geld wat sy uit hom kon kry, gekry het.

Ten spyte van sy armoede, het hy geld op haar uitgegee en groot skuld gemaak. Hy het selfs vir haar 'n hangertjie by Foschini op skuld gekoop. Ma moes daarvoor betaal. Hy het begin om van die werk af weg te bly en om baie te drink. Saans het hy in sy kamer gesit en drink en briewe aan sy meisie geskryf. Daar was 'n hele koekblik vol briewe in sy kamer. Die applikant sê ook dat hy baie briewe geskryf het. Sy het heelwat daarvan gehou. In die briewe het hy haar 'my toekomstige mev Jacobs', 'Rooikappie', 'Kwaaitjie' en 'Glory Moon' genoem.

Ook die een Van Wyk broer getuig dat dit vroeg reeds vir hom duidelik was dat die applikant op sy arme vriend geteer het. Hy het selfs vir haar gordyne van R4 000 gekoop. Geld was duidelik vir haar belangrik. In Kwaggasrand, Pretoria wou dinge nie reg loop nie. Geld was maar die probleem. Daar word mos gesê dat wanneer armoede by die voordeur inkom, vlug liefde by die agterdeur uit. Die weergawe van die toenmalige toekomstige mev Jacobs verskil egter van die moeder en die Van Wyk broers s'n. Sy het gou agtergekom dat daar nie geld is nie. Daar was ook nie meubels nie. Die hoëtroustel en klein televisiestel het hy op skuld gekoop. Hy het selfs sy visstok verkoop om geld in die hande te kry, sou sy later uitvind. Volgens haar het hy gereeld by haar geld geleen. Hulle het begin rusie maak oor die tekort aan geld. Hy het ook begin om vreemd op te tree. Hy was emosioneel en terneergedruk, blykbaar omdat hy bekommerd was dat hy nie vir haar en die kinders sou kon sorg nie. Volgens sy moeder het sy tydens 'n telefoniese gesprek op 15 November 1996 agtergekom dat alles nie pluis is nie. Hy het baie hartseer geklink,

maar gesê dit is sy sinusprobleem wat pla. Die applikant sou glo vir hom kom kuier en hy wou weer geld by ma leen. Ma het nie geld gehad nie weens pa se siekte. Pa is intussen oorlede.

Intussen het hy nog R500 by die bank geleen. Die Van Wyk broers vertel ook dat dinge tussen hul vriend en sy geliefde skeefgeloop het en dat dit nie goed gegaan het met hom nie, van vroeg in November af al.



Hy was bedruk en bang dat sy nie na hom toe sou kom in Pretoria nie. Hy het glo gesê dat sy nie meer lief is vir hom nie en dat sy vir hom gesê het dat hy nie geld het om vir haar te sorg nie. Hulle het baklei, ook wanneer hul saam met hul vriende en Eileen uitgegaan het.

Ook het hy teen dié tyd vreeslik gedrink. Een aand, 22 November 1996, toe hulle by die nagklub Terrace in die Pretoria se middestad was, het hulle 'n lelike argument gehad. Hy het glo 26 Springbokkies bestel, in 'n ry op die kroegtoonbank staan gemaak en hulle toe die een na die ander weggesluk. Springbokkies bestaan uit Cape Velvet likeur en peperment likeur. Toe begin hy huil en vertel vir sy vriend dat Eileen en haar ma van plan was om 'n gesellinklub in sy huis oop te maak. Op 28 November het hy die een Van Wyk broer geskakel en gesê dat hy die applikant gevra het om te trou, maar dat sy geweier het. Dit het waarskynlik op die 26ste gebeur volgens Van Wyk, want die oorledene was juis die aand so netjies aangetrek en baie opgewonde. Die paartjie sou saam met hul vriende 'n drankie gaan drink, maar hulle het rusie gekry en die geselskap het opgebreek.

Op Woensdagaand, 27 November 1996, het die twee só rusie gemaak dat die applikant en Eileen sy huis verlaat het. Vir die een Van Wyk broer het hy glo oor die telefoon gesê dat hulle weg is en dat hy maar sou begin drink.

Ook op 27 November skryf hy toe 'n nuwe testament in sy eie handskrif waarin hy alle vorige testamente herroep en al sy eiendom en versekering aan sy minnares, Sophia Thirion, die applikant, bemaak. Hieroor later meer.

Op Donderdag, 28 November, skakel hy die Van Wyk broer om 17:00 en sê dat hy nie van sy geliefde kan vergeet nie en besig is om te drink. Laat die aand skakel hy weer en klink hy baie dronk, huil hy en sê hy dat hy nie meer wil lewe nie, volgens Van Wyk.

Toe die applikant op Vrydag, 29 November, weer by die huis in Kwaggasrand opdaag, was hy reeds dood. Hy het selfmoord gepleeg - hom vergas.

Nou is die vraag of die dokument van 27 November 'n geldige testament is waarin die oorledene sy vorige testament herroep, en sy moeder onterf, en die applikant sy enigste erfgenaam gemaak het. Soos reeds gesê, het hy nie juis veel gehad nie. Blykbaar, volgens mededelings deur die een advokaat, gaan dit oor 'n lewenspolis van ongeveer R130 000.

Die applikant is oortuig dat hy haar as erfgenaam benoem het. Die dokument spreek immers vanself. Hy het haar liefgehad en wou haar finansieel onafhanklik maak. Hulle het in ieder geval trouplanne gehad. Talle van sy briewe getuig van hulle liefde.

Sy moeder, oftewel die derde respondent, se standpunt is dat hy nooit by sy volle positiewe kon wees toe hy die dokument opgestel het nie. Hy was emosioneel onstabiel, depressief, waarskynlik onder die invloed van alkohol en onbehoorlik mislei deur die applikant. Sy het hom skaamteloos gemanipuleer en uitgebuit om geld uit hom te maak. Die rede vir sy depressie was juis dat hy gemeen het dat hy haar nie finansieel gelukkig kon hou nie. Die gewraakte testament was ''n laaste poging van 'n desperate jong man . . . om te probeer vasklou aan 'n vrou wat hom



verlaat het'. Die vrou het hom ook nie liefgehad nie. Toe hulle haar na die oorledene se dood gaan besoek het om te probeer vasstel wat gebeur het, op uitnodiging van haar eggenoot nogal, het sy selfs glo gesê: 'Mag hy vrot.'

Die derde respondent beweer dat die handskrif op van sy briewe en die beweerde testament van 28 November verskil. Derhalwe het sy die dokumente deur 'n handskrifdeskundige laat ondersoek. Volgens laasgenoemde kon alkohol die oorsaak gewees het van sy swak motoriese beheer, en blyk dit uit die testament van 27 November dat die dokumente op verskillende stadia geskryf is. Die oorledene se suster en die Van Wyk broers deel die derde respondent se siening. Trouens, die konstabel verklaar dat hy die huis besoek het na die selfmoord en dat hy in die huis 'opgeskeurde papiere' gekry het 'waarop die oorledene al sy besittings aan die applikant bemaak in die vorm van 'n testament'. Hierdie papiere het hy aan die oorledene se vader oorhandig. In die huis het hy ook 'n televisiekoord gevind wat soos 'n galgtou opgerol was. Eileen het hom glo op 29 November meegedeel dat die oorledene homself op 27 November probeer ophang het. Konstabel Van Wyk

verklaar ook dat hy 'n halwe bottel rum in die huis gevind het. Die konstabel 'het geen twyfel dat die oorledene dit gedrink het nie' en 'doen met eerbied aan die hand dat die oorledene onder die invloed van alkohol was' en 'nie by sy volle positiewe was' toe hy die beweerde testament opgestel het nie. By hom is daar 'geen twyfel dat die applikant die oorledene onbehoorlik beïnvloed het met haar optrede' om die dokument op te stel nie.

Die betekenis van die opgeskeurde papiere wat opgetel sou wees, is nie mooi duidelik binne die konteks van die feite nie. Die applikant verklaar van haar kant dat sy deur die polisie verwittig is dat die oorledene op 27 November 'n sogenaamde selfmoordnota geskryf het, wat in die huis gevind is, asook 'n laaste testament in sy eie handskrif. Afskrifte van die testament en selfmoordnotas is as aanhangsels C, D en E by die hofdokumente aangeheg.

Die beweerde testament lui soos volg:

> 'Ek, Willem Petrus Jacobs, te woonagtig 215 Kraaistraat, ID nommer 690222 5043 083, herroep hiermee alle vorige testamente soos op 27 November 1996. Ek bemaak al my eiendom en polisse en groepversekering aan Sophia Thirion te woonagtig Tolbosstraat 3, Kathu, telefoon 05376 (31097). Hoop dit gee jou die finansiële afhanklikheid waarna jy so verlang, Glory Moon, sodat jy van geen man afhanklik hoef te wees nie. Jy het my gewen, kwaaitjie wend die geld wys aan, my lief. Dit is Kwaaitjie s'n. Horlosie armbandjie. My laaste wens W P Jacobs, 27 November 1996.'

Die selfmoordnotas D en E lees soos volg:

> 'Liewe Kwaaitjie,
>
> Jammer, maar ek kan nie meer nie. Ek het jou gesê jy gaan nog my dood beteken. Het nooit bedoel om jou opsetlik seer te maak nie. Baie, baie lief vir jou, maar ek kan jou nie gelukkig maak nie. Jammer, Kwaaitjie.'
>
> (Dan volg 'n aantal telefoonnomers ensovoorts.)
>
> 'Ek het my redes hoekom ek dit gedoen het wat ek nou gaan doen. Na dit sal jy die finansiële vryheid hê om van geen man afhanklik te wees nie. Dit is al wat ek nog rêrig vir jou kan doen. Ek sal nooit met al die pyn en hartseer kan saamleef

> nie, so ek is jammer maar ek kan aan geen ander oplossing dink vir my hartseer nie.
> Daar was eendag 'n baie oulike meisie en haar naam was rooikappie wat alles beteken het vir 'n outjie genaamd wolfie maar eendag het daar iets skeefgeloop, nou is wolfie se rooikappie se hart stukkend en hartseer, wat nie meer heelgemaak kan word nie.
> Glo my, daar sal nooit weer so iemand soos jy in my lewe wees nie.
> Ek wens jou alle voorspoed toe vorentoe my rooikappie.
> Kyk mooi na jouself.'

Die applikant reageer in 'n repliserende eedsverklaring op die moeder, suster en Van Wyk broers se bewerings dat die oorledene oorgewig en ongewild was, dat sy hom nie liefgehad het nie en slegs uitgebuit het en dat hy homself ter wille van haar in die skuld gedompel het, asook dat hy onder die invloed van alkohol was. Om redes wat volg, laat ek dit egter buite rekening.

3. Laat liassering van eedsverklaring

Die applikant het op 28 Februarie 2001 'n repliserende eedsverklaring geliasseer, ongeveer tien maande laat. Die derde respondent se beantwoordende eedsverklaring is reeds in April 2000 geliasseer. Geen substantiewe aansoek om kondonasie is geloods nie. Sy poog om in die verklaring die redes vir die laat liassering uiteen te sit. Sy het nie geld om te litigeer nie en word deur die Regshulpraad bygestaan. Prokureurs het geweier om vir haar op te tree teen die Regshulpraad se lae tariewe. Haar huidige prokureur het ingewillig om vir haar op te tree op die basis dat hy slegs in verband met hierdie saak werk sou verrig wanneer dit noodsaaklik is en hy geen ander werk het nie. Ook advokate wou nie teen die lae tarief optree nie. Haar huidige advokaat is kort voordat die aangeleentheid voorheen aangehoor is aangestel en hy het haar geadviseer dat 'n repliserende eedsverklaring wel opgestel moes word. Onder meer om daardie rede is die aansoek op 24 Oktober 2000 uitgestel. Ook het sy probleme gehad om 'n afskrif van die nadoodse ondersoek in die hande te kry en is die dokument eers op 16 Februarie 2001 ontvang.

Onder meer in die lig van die lang tydperk wat die repliserende eedsverklaring laat was en die afwesigheid van 'n behoorlike aansoek met stawende beëdigde verklarings van byvoorbeeld die applikant se prokureur en waarop die derde

respondent sou kon antwoord, is die applikant se redes vir die versuim nie oortuigend nie. Dit is weliswaar so dat Reëls daar is om die Hof te dien en nie andersom nie, maar dit sou onbillik wees om sodanige ernstige versuim, wat grotendeels die gevolg van nalatigheid en 'n gebrek aan ywer blyk te wees, oogluikend toe te laat.

Kondonasie vir die laat liassering van die repliserende verklaring word derhalwe geweier. Die verklaring word nie toegelaat nie en die inhoud daarvan word buite rekening gelaat. Mnr Frantzen het namens die applikant aangedui dat hy opdrag het om in geval dit my besluit sou wees in ieder geval met die aansoek voort te gaan.

4. Die twispunte

Die inhoud van die beweerde testament van 27 November 1996 is duidelik en daar word deur die partye aanvaar dat die oorledene dit



opgestel het, dat dit in sy handskrif gedoen is en dat hy waarskynlik alleen was toe hy dit gedoen het. Die derde respondent se aanval op die dokument staan op twee bene. Die eerste is dat daar nie aan die vereistes van art 2(1) van die Wet op Testamente 7 van 1953, soos gewysig, voldoen is nie. Volgens die artikel moet die testament in die teenwoordigheid van twee getuies deur die erflater onderteken word. Die tweede is die bewering, van die kant van die derde respondent en diegene wat haar weergawe ondersteun, dat nie bevind kan word dat die oorledene die bedoeling gehad het dat die dokument sy testament moet wees nie, aangesien hy nie oor die nodige bevoegdheid beskik het om 'n testament op te stel nie.

Die oorledene is onbehoorlik beïnvloed deur die applikant. Sy hopelose verliefdheid op haar, sy manipuleerbaarheid, die druk wat sy op hom geplaas het, veral finansieël, tesame met die moontlikheid dat sy hom sou verlaat kom op onbehoorlike beïnvloeding neer, veral gesien binne die konteks van sy desperaatheid en depressie en die waarskynlikheid dat hy tydens die opstel van die dokument onder die invloed van alkohol was. Die applikant steun op art 1(3) van die gemelde Wet wat die eerste been betref en voer ten aansien van die tweede aan dat daar geen sprake van onbehoorlike beïnvloeding is nie.

5. Toepassing van die reg op die feite

5.1 Vormvereistes:

Ten aansien van die feit dat die dokument nie in die teenwoordigheid van getuies opgestel en onderteken is nie, is art 2(1) van die Wet op Testamente van toepassing. Dit skryf 'n aantal formaliteite voor, waaronder dat 'n testament in die teenwoordigheid van twee getuies onderteken moet word. Die doel daarvan is om die moontlike euwel van bedrog te voorkom. (Kyk byvoorbeeld na Ex parte Naidu and Another 1958 (1) SA 719 (D).) Normaalweg sal die voorgeskrewe formaliteite inderdaad daartoe bydra om bedrog en onsekerheid uit te skakel. Waar bedrog of onsekerheid egter nie ter sprake is nie, sou die rigied voorgeskrewe formaliteite egter kon dien om die laaste wilsuiting van 'n testateur te bemoeilik of in die weg te staan (Ex parte Williams: In re Williams' Estate 2000 (4) SA 168 (T)). Derhalwe kom art 2(3) hier ter sprake. Die Afrikaanse teks lui soos volg:

> 'Indien 'n hof oortuig is dat 'n dokument of die wysiging van 'n dokument wat opgestel of verly is deur 'n persoon wat sedert die opstel of verlyding daarvan oorlede is, bedoel was om sy testament of 'n wysiging van sy testament te wees, gelas die hof die Meester om daardie dokument, of die dokument soos gewysig, vir doeleindes van die Boedelwet 66 van 1965, as testament te aanvaar ofskoon dit nie aan al die vormvereistes vir die verlyding of wysiging van testamente bedoel in subart (1) voldoen nie.'

Die Engelse teks lui soos volg:

> 'If the court is satisfied that a document or the amendment of a document drafted or executed by a person who had died since the drafting or execution thereof, was intended to be his will or an



> amendment of his will, the court shall order the Master to accept that document, or that document as amended, for the purposes of the Administration of Estates Act 66 of 1965, as a will, although it does not comply with all the formalities for the execution or amendment of wills referred to in ss (1).'

'n Opvallende verskil tussen die twee bewoordings is dat die Engelse teks dit duidelik stel dat die Hof die Meester moet ('shall') beveel om die dokument as

testament te aanvaar indien aan die eerste gedeelte van art 2(3) voldoen word, terwyl die Afrikaanse bewoording meer in die teenwoordige tyd of verteltrant sê dat die Hof die Meester 'gelas'.

Hoe dit ook al sy, het die volbankuitspraak van Swart R in hierdie afdeling met wie Van Dyk R en Van der Merwe R saamgestem het in die reeds vermelde Williams-saak 'n groot mate van duidelikheid gebring, nadat uiteenlopende benaderings voorheen in verskeie uitsprake gevolg is. Op bladsy 172B - C sê Swart R:

> 'The inference is inescapable that the Legislature by promulgating s 2(3) intended to ameliorate very real cases of injustice due to strict compliance with formalities (as illustrated in the Naidu judgment) and to reaffirm the sanctity of the testator's last wishes. A Court will, of course, bear in mind that the Legislature has stated requirements within the framework of which this purpose is to be served and has not stated a general principle which the Courts can apply at will or on a discretionary basis.'

Swart R analiseer dan die tersaaklike vereistes. Daar moet naamlik 'n dokument wees en die dokument moet opgestel wees deur 'n persoon wat sedertdien oorlede is. Op die moontlike interpretasie van woorde soos 'opgestel' en 'drafted' word nie hier ingegaan nie, omdat dit nie ter sake is nie. Die Hof moet op 'n oorwig van waarskynlikhede tevrede wees dat die opsteller van die dokument bedoel het dat dit sy testament moet wees. Dit wil voorkom of hierdie vereiste steeds te make het met sekerheid oor wie die opsteller van die dokument werklik is, oftewel wie se wil daarin vervat is, eerder as om op 'n persoon se vermoë om 'n regsgeldige bedoeling te vorm, oftewel sy testeerbevoegdheid te slaan.

Op bladsy 179B van die Williams-uitspraak vermeld Swart R as voorbeeld dat 'n voorlopige skets of notas aan 'n prokureur of 'n skriftelike opdrag aan 'n prokureur nie voldoende sal wees nie. Indien die Hof aldus tevrede is, moet die Hof die Meester gelas om die testament te aanvaar. Ander aspekte wat in die Williams-saak bespreek is, is beswaarlik ter sake op die relatief eenvoudige feite van die huidige geval (kyk byvoorbeeld ook na Horn en Andere v Horn en 'n Ander 1995 (1) SA 48 (W) en Ex parte De Swardt and Another NNO 1998 (2) SA 204 (C)).

Hier is geen twyfel nie dat die ongelukkige Willem Petrus Jacobs die skepper, opsteller of skrywer van die betrokke testament van 27 November 1996 is en dat hy bedoel het dat dit sy testament moet wees. Die nie-nakoming van die vormvereistes



wat deur art 2(1) voorgeskryf word help nie die respondent nie, in die lig van art 2(3) en die gesag in verband daarmee. Mnr Gerber het in sy argument namens die derde respondent ook feitlik glad nie op die aspek van die afwesigheid van getuies gekonsentreer nie.

Die vraag hier is of die oorledene geweet het wat hy doen en dit inderdaad uit vrye wil gedoen het en of hy onder die onbehoorlike invloed van sy ouer getroude vriendin opgetree het. Ek het die moontlikheid oorweeg dat die tersaaklike dokument dalk as 'n voorlopige nota of a blote konsep-testament beskou sou kon word wat die oorledene moontlik nog verder wou oorweeg het, soos die voorbeelde in verband met instruksies aan prokureurs waarna verwys is. In die lig van die feite van hierdie geval is dit egter my oortuiging dat hy bedoel het dat dit sy testament moet wees. Hy het immers kort na die skryf daarvan 'n einde aan sy lewe gemaak.

5.2 Testeerbevoegdheid en onbehoorlike beïnvloeding:

Die onus om te bewys dat 'n testament ongeldig is op grond van onbehoorlike beïnvloeding, oftewel die afwesigheid van testeerbevoegdheid is op die persoon wat sodanige stand van sake beweer. (Kyk na Executors of Cerfonteyn v O'Haire 1873 Buch 47 op 72, 79.)

Natuurlik is dit nie altyd maklik om te bepaal wanneer 'n persoon sodanig gedwonge optree of onbehoorlik beïnvloed is dat sy of haar optrede nie voldoende vrywillig is om deur die reg erken te word nie. Waar lê die grens tussen emosioneel gedrewe en selfs onlogiese of onredelike optrede waaraan die reg gevolg gee, en ongeldige optrede? Soos ten aanvang vermeld, sou daar geen behoefte wees aan die erkenning van 'n testament as laaste wilsuiting indien daar nie juis deur die reg ruimte gelaat word vir emosionele, onlogiese of onredelike wilsuitings nie. Die intestate erfreg bepaal heel rasioneel en objektief regverdig wie 'n persoon se erfgename is. Tog erken die reg die wil van iemand wat dit juis anders wil hê. Sodanige behoefte mag

juis beïnvloed word deur emosionele voorkeure, soos die feit dat 'n testateur een persoon bo 'n ander verkies, of selfs omdat hy of sy diegene naaste aan hom of haar te na wil kom deur hulle te onterf. Dit is dus ook heel verstaanbaar dat 'n mens die opregte bedoeling kan hê om 'n persoon vir wie jy lief is, of wat vir jou op die een of ander wyse geluk verskaf het, te bevoordeel, bo dié wat die bevoordeling dalk eerder verdien.

Soos vroeër vermeld, aanvaar ons om welke godsdienstige, ideologiese of ander redes ook al, dat 'n mens vry oor jou eiendom mag beskik, selfs op 'n onbillike wyse. Tog wil die reg nie gevolg gee aan die onbehoorlike pogings van uitbuiters om 'n sterwende, siek of andersins weerlose of maklik beïnvloedbare persoon tot hul voordeel te manipuleer nie. Duidelike dwang of bedrog is nie die probleem nie en is ook nie wat hier ter sprake is nie. Die vraag is waar om die streep te trek tussen aanvaarbare nabyheid en onbehoorlike beïnvloeding.



Enkele riglyne kan uit die regspraak afgelei word. Na Spies NO v Smith en Andere 1957 (1) SA 539 (A) is deur beide partye verwys. Spies was ''n persoon van agterlike verstand' wat van kindsbeen af aan vallende siekte gely het (op 543C - D). Sy testament is betwis op grond van sy verstandelike onbekwaamheid. In die alternatief is aangevoer dat hy deur onbekende persone 'onregmatiglik en onbehoorlik beïnvloed is . . . onder omstandighede toe . . . (hy) . . . geestelik en verstandelik onbekwaam was om 'n vrye en onafhanklike wil en/of onregmatige en onbehoorlike invloed . . . te weerstaan, met die gevolg dat die testament . . . inderwaarheid ook nie uitdrukking gegee het of gee aan . . . (sy) . . . werklike wil of wense nie'. (Op 543A - C.)

Nadat die Hof beslis het dat nie bevind kan word dat Spies verstandelik onbekwaam was om 'n testament te maak nie, is die begrip 'onbehoorlike beïnvloeding' in detail in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg ontleed. Steyn AR wys (op 545H) daarop dat ons skrywers nadruk daarop lê dat 'n uiterste wilsbeskikking 'n vrye behoort te wees, en dat Voet verklaar het dat 'die pen van 'n sterwende vry moet wees'.

Op 546A - B verklaar die Regter soos volg:

> 'Hieruit moet egter nie afgelei word dat iedere onbehoorlike bemoeiing met die uitoefening van testamentêre bevoegdheid 'n grond vir ongeldigheid oplewer nie. Om 'n erflater bloot met vleitaal, na-die-mond-pratery, betuigings van buitengewone liefde of eerbied, lydsame verdraging van aanhoudende vernederings, langdurige gedienstigheid gevolg deur direkte versoek, of gegronde beskuldigings teen voorgenome erfgename om te haal om iemand te bevoordeel wat hy anders nie sou bevoordeel het nie, is regtens nie sonder meer ongeoorloof nie, al sou iemand anders daardeur benadeel word. Hoe afkeurenswaardig ook 'n jagmakery op 'n erfenis mag wees, geld die opmerking multa licent quae non sunt honesta.'

Op 546C - F verklaar die Regter soos volg:

> 'Ons reg stel egter paal en perk ook aan hierdie soort geslepenheid. Dit mag natuurlik nie gepaardgaan met dwang of bedrog in die gewone sin nie; en dit mag ook nie die vorm van 'n wilsonderskuiwing aanneem nie, dws van 'n optrede wat daarop uitloop dat die werklike wil van die erflater deur die wil van die jagmaker of heredipeta vervang word. Die optrede wat hier bedoel word slaan meestal op woorde of op die openbaring van 'n gesindheid wat daarop bereken is om op die erflater druk uit te oefen of hom aan te spoor om teen sy wil 'n erflating te doen. Benewens dolus, fraus vis en metus, verwys ons skrywers in hierdie verband ook na aanhoudende, lastige, onbeteuelde en snedige aandrag en opvordering . . . onmatige oorredings . . . lastige, dringende, onophoudelike, dikwels herhaalde en ingehamerde bedes en aandrywings . . . of harde woorde, onmatige bedes en lastige opvorderings . . . waardeur 'n testateur daartoe gedryf word om toe te gee wat hy nie wil nie, ten einde van sy kwelgees ontslae te raak. Die druk wat deur sulke middele op 'n erflater uitgeoefen word, word met dwang en afpersing gelykgestel.'

En op 547C - D verklaar die Regter soos volg:



> 'Soos reeds aangedui wil dit dus blyk dat 'n uiterste wilsbeskikking wel ongeldig verklaar kan word waar die testateur deur kunsgrepe van so

> 'n aard dat hul, uit hoofde van hul uitwerking, met die uitoefening van dwang of bedrog gelykgestel dien te word, tot 'n erflating beweeg is wat hy anders nie sou gedoen het nie en wat dientengevolge eerder aan 'n ander se wil as aan sy eie, uitdrukking gee. In so 'n geval het ons te doen nie met die egte wil van die erflater nie, maar met 'n wilsonderskuiwing, en word die wilsbeskikking nie instandgehou nie.'

Dit blyk dus dat die ou skrywers waarop die Appèlhof gesteun het 'n aansienlike mate van ruimte laat vir beïnvloeding, en selfs vir 'n mate van geslepenheid. Die paal en perk wat gestel word hou verband met dwang of bedrog of optrede wat daaraan gelykgestel kan word, en veral met die vervanging van die wil van die testateur deur die wil van die ander, met gevalle waar die erflater beweeg is tot iets wat hy of sy andersins nie sou doen nie.

Die mate van druk of 'aandrywing' wat tot ongeldigheid lei, kan van geval tot geval verskil. Die faktore wat ter sprake kan wees is die geestesongesteldheid van die erflater, sy of haar vermoë om hom of haar teen 'aansporing en inblasing' te verset en die verhouding tussen die betrokke persone (op 547E van die Spies-beslissing). In die Spies-saak word dan 'n hele aantal feite ontleed voordat die Hof ten gunste van die geldigheid van die testament beslis. Dit is juis die feit dat die een geval van 'n ander mag verskil wat dit moeilik maak om konkrete standaarde te stel en selfs om algemene riglyne op spesifieke feite toe te pas.

Menslike verhoudings en emosies is gevarieerd, kompleks en onvoorspelbaar. Dit is te meer die geval waar die dood ter sprake kom. Om te besluit oor jou eiendom en ander se geluk en verdriet ná jou oorlye, kan verantwoordelike administrasie wees, maar is in sigself noodwendig ook 'n effens makabere bedrywigheid. 'n Mens se geestestoestand mag ook beïnvloed wees deur die vraag of hy daarvan bewus is dat die einde nader kom, en hoe naby of hoe ver jy meen dit is. Ook die vraag of die moontlike beïnvloeder dit meet, kan van belang wees, soos ook die haas of rustigheid waarmee die besluit geneem word.

Steyn AR wys in die Spies saak (op 547E) daarop uit dat die voorbeelde wat deur gemeenregtelike skrywers bespreek word meestal betrekking het op erflaters wat ernstig siek of sterwend is, wie se weerstand swakker is as die

van 'n 'standvastige persoon'. Die stereotipiese handboek- of storieboekvoorbeeld is dan seker juis dié van die oënskynlik besorgde en liefdevolle maar geslepe verpleegster wat die ou en siek miljoenêr op sy sterfbed soveel geluk of plesier bied, dat hy daar en dan besluit dat sy familie alreeds ver te veel van hom ontvang het en tot haar voordeel onterf moet word.

In die vroeër vermelde Cerfonteyn v O'Haire-saak het 'n priester as geestelike raadgewer 'n siek en lydende vrou wat opium gebruik het in so 'n mate pastoraal beïnvloed om kort



voor haar dood 'n kodisil te onderteken, dat die dokument ongeldig bevind is op grond van 'incapacity arising from bodily disease and mental disability'.

Dit is juis wat Willem Petrus Jacobs se geval des te meer uniek en makaber maak. Hy het alleen die beweerde testament opgestel en daarna selfmoord gepleeg. Hy was nie siek of sterwend nie, of was hy? Hy was wel smoorverlief, dit weet ons, maar hoe ernstig was sy depressie? Het hy goed bedoelend gepoog om die vrou vir wie hy lief was finansieel onafhanklik te maak? Of was dit soos sy moeder en vriende glo 'n laaste desperate poging om vas te klou aan 'n vrou wat hy besig was om te verloor omdat hy nie finansieel vir haar kon sorg nie? Was daar dalk selfs leedvermaak by betrokke, soos moontlik uit die testament en selfmoordnota blyk en wat in ieder geval seker nie vreemd is in gevalle van selfmoord in 'n toestand va liefdesverdriet nie.

Oor die oorledene se geestestoesand tydens die skryf van die dokument op 27 November 1996 moet ons bespiegel. Die derde respondent en Van Wyk broers se getuienis is opinies, gegrond op afleidings uit feite wat hulle beweer oor 'n tydperk gegeld het, naamlik dat hy vir minstens 'n maand voor sy dood emosioneel onstabiel en depressief was as gevolg van die applikant se optrede. Ook het hy oor daardie tydperk straf gedrink en vroeër die dag na bewering gesê dat hy sou drink. Daar is weinig direkte getuienis oor sy alkoholinname op 27 November.

Die inname van alkohol kan in ieder geval nie as sodanig regshandelinge, soos die opstel van testamente en die sluit van kontrakte, ongeldig maak nie.

Talle ooreenkomste word bereik en besluite geneem as gevolg van die toegeneentheid, moed, of wat ook al, wat uit 'n paar glase wyn by 'n ete voortspruit. Ook heftige en selfs irrasionele opwelling van emosies op 'n hoogs persoonlike vlak sou nie noodwendig tot ongeldigheid lei nie. Die reg erken immers verlowingsooreenkomste tussen smoorverliefdes en skikkings te midde van tragiese egskeidingsprosesse.

Die derde respondent se advokaat het klem gelê op die lang aanloop tot die gebeure van 27 November. Die oorledene het 'n swak selfbeeld gehad en was manipuleerbaar. Hy was halsoorkop verlief op die applikant. Oor 'n tydperk het sy druk op hom geplaas deur te beklemtoon dat sy finansieel onafhanklik wou wees. Hulle het rusie gemaak oor sy onvermoë om aan haar finansiële behoeftes te voorsien en dit was die rede waarom sy hom verlaat het. Hierdie beïnvloeding, wat gekulmineer het in sy depressie en moontlike alkoholinname, stel onbehoorlike beïnvloeding daar.

Betreffende die drie faktore wat in die Spies-saak vermeld is, was die aard van die verhouding duidelik van so 'n aard dat beïnvloeding sou kon plaasvind. Ten aansien van sy geestesongesteldheid en die vermoë om teen beïnvloeding in die vorm van 'aansporing en inblasing' weerstand te bied, val hy nie in



die kategorie van persone wat ernstig siek of sterwend, of selfs verstandelik vertraag is, wat die gemeenregtelike skrywers en Appèlhof in gedagte gehad het nie. Trouens, die eerste vraag is of daar hoegenaamd beïnvloeding in die sin van 'aansporing en inblasing' plaasgevind het.

Selfs indien aanvaar word dat die applikant die oorledene oorheers en gemanipuleer het en hom deeglik laat verstaan het dat sy finansieël onafhanklik wou wees en dat sy armoede vir haar 'n groot bron van kommer is, selfs tot so 'n mate dat sy hul trouplanne wou kanselleer en na haar man wou terugkeer, is daar geen getuienis dat sy hom probeer beïnvloed het in die opstel of wysiging van 'n testament nie. Hy het niks gehad nie volgens haar, en volgens sy moeder. Of sy van sy polis bewus was, weet ons nie. Daar is egter geen getuienis dat sy geweet of vermoed het dat hy sou sterf nie.

Hy was 'n gesonde jong man, al was hy oorgewig. Indien hy wel op 27 November sou gesê het hy wou nie verder lewe nie, en selfs met 'n tuisgemaakte galgtou doenig sou wees, is daar geen getuienis dat hy op daardie stadium direk beïnvloed is om 'n testament op te stel of selfs moontlik aangemoedig is om selfmoord te pleeg nie. Die derde respondent se saak gaan juis oor die manipulering wat oor die langer voorafgaande tydperk sou plaasvind. Uit die aangehaalde gesag is dit duidelik dat die aansporing en aanblasing waarvan Steyn AR gepraat het nie maar algemene beïnvloeding oor 'n tydperk is nie, maar motivering of oorreding om iets spesifiek te doen, naamlik 'n erflating te maak deur 'n testament op te stel of te wysig, ensovoorts.

Mense beïnvloed, manipuleer en selfs oorheers mekaar dikwels, veral waar liefdesverhoudings ter sprake is. 'n Swak selfbeeld of persoonlikheid sou nie 'n mens teen besluite ten gunste van sterker en selfs meer geslepe persone beskerm nie. Indien die vraag gevra word of hier 'n 'wilsonderskuiwing' plaasgevind het, of die oorledene eerder aan die applikant se wil as sy eie wil uiting gegee het, en of hy iets gedoen het wat hy eintlik nie wou en sou doen nie, is die antwoord beslis negatief.

Die een ding wat duidelik blyk, is dat hy die applikant sy erfgenaam wou maak. Reeds in sy vroeëre testament waarin hy sy ouers bevoordeel het, het hy voorsiening gemaak vir die moontlikheid dat hy sy droomvrou sou vind en trou, selfs ten spyte van sy agterdog oor vroue, en dat sy dan voorrang bo sy ouers sou geniet. Sy ouers was tydelike plaasvervangers vir die vrou van sy drome. Dat sy droom tragies geëindig het, is irrelevant. Ook het hy tyd gehad om te dink oor wat hy op 27 November in sy nuwe testament geskryf het, tot en met sy dood op 29 November, twee dae later.

Dit is duidelik dat Willem Petrus Jacobs gedoen het presies wat hy met groot drif wou doen. Of sy redes daarvoor sin maak en vir almal moreel aanvaarbaar is, en of dit van onvolwassenheid getuig, is nie die hoofsaak nie. Soos ter aanvang vermeld,



erken die reg die wilsbesluit van 'n oorledene oor sy eiendom, ten koste van wie ook al, hetsy weens respek vir die dood of respek vir die eiendomsbegrip.

(Terloops kan moontlik gevra word waarom dit in ieder geval rasioneel of moreel verkieslik sou wees om sy moeder te laat erf, eerder as 'n vrou wat twee jaar van haar lewe vir hom gegee het en hom op 'n stadium gelukkig gemaak het.)

Ek het aandag gegee aan die moontlike betekenis van die feit dat die oorledene selfmoord gepleeg het slegs twee dae nadat hy die testament opgestel het. Is selfmoord nie as sodanig so 'n irrasionele en abnormale daad dat dit noodwendig getuig van 'n patologiese geestestoestand wat 'n persoon byna per definisie onbevoeg maak om wilsbesluite te neem wat deur die reg erken word nie? Geen deskundige opinie oor die oorledene se geestestoestand gedurende sy laaste 48 uur of in verband met die sielkunde van selfmoord in die algemeen, en geen argumente gebaseer op juridiese of sielkundige gesag is egter aan my voorgelê nie.

Ek sou dus op algemene indrukke en veronderstellings aangewese moes wees. Die reg het oor die algemeen nie veel te sê oor selfmoord nie. Die strafreg se hantering daarvan, byvoorbeeld in die geval waar 'n persoon 'n ander aanmoedig om selfmoord te pleeg, of hulp verleen, het meer te make met die gemeenskap se beoordeling van die aanmoediger of helper se optrede as met die psige van die persoon wat selfmoord pleeg. Die dieptes en werkinge van die menslike gees is nie maklik om te verstaan nie.

Ek weet nie wat met die oorledene aan die gang was gedurende die worstelstryd van sy laaste dae en ure nie. Om in die afwesigheid van getuienis oor hom, of selfs inligting oor selfmoord in die algemeen, daaroor te bespiegel sou onbehoorlik wees. Wat duidelik is, is dat hy die applikant sy erfgenaam wou maak, al sou dit die laaste ding wees wat hy doen.

6. Bevel

Gevolglik maak ek die volgende bevel:

1. Daar word verklaar dat die dokument gedateer 27 November 1996, wat by die kennisgewing van mosie as aanhangsel C aangeheg is, vir die doeleindes van die Wet op Testamente 7 van 1953, die testament van Willem Petrus Jacobs is, en die Meester van die Hooggeregshof word gelas om die gemelde dokument as sodanig te aanvaar.

2. Die applikant word gelas om die koste verbonde aan die applikant se repliserende eedsverklaring te betaal.

3. Die derde respondent word gelas om die koste van die aansoek te betaal.

Applikant se Prokureurs: Ehlers & Cremer, Pretoria. Derde Respondent se Prokureurs: Clarinda Kügel, Pretoria.

**SAFLII Note:** This case was originally published by Juta and Company (Pty) Ltd. Juta retains copyright as far as it subsists.